1945

Leer-en-Werk skema vir naturelle plaasskole aangekondig deur H. J. Swart of Vermont

(1).17

Schaapkraal, P. K. Vermont,

A/d 11 Maart 1945.

WELEDELE HEER,

R. J. RHEINALT JONES,

DIREKTEUR:-S.A.INSTITUUT VAN RASSEVERHOUDINGS,

P/A:- Posbus:- 97, JOHANNESBURG.

Received for A... 14 MAR 1945
Acknowledged ...
Answered ...

Seer Geagte Mnr. Rheinalt Jones,

U gewaardeerde skrywe van 5 deser ter hand.

In die eerste instansie, mag ek aan U betuig die diepste meegevoel van my vrou en self vir die afsterwe van so'n alombeminde en hooggewaardeerde Eggenote.Selfs as indiwiduele Boere voel menigeen van ons,saam met U en die Inrigting,die geweldige verlies van so'n toegewyde Lewe,wiens dienste vir die grote saak bykans ongeëwenaard geboekstaaf sal staan tot in lengte van dae. Destemeer onse bede dat die Almagtige U stud en sterk in die so reusetaak wat, ter betere oplossing, so dikwels benader word onder U bekwame leiding. En waar, om die so betreurde, kortsigtige redes, U dienste as Senator vir Transvaal nie weer gewen is nie, word vuriglik gehoop op betere beloop van sake vir die volgende keer.

Intussen word met aanmoedigende blydskap verneem dat omstandighede en gesondheid U nog toelaat om te ageer as Voorsitter v/d Transvaalse Raadgewende Bestuur i/s Naturelleonderwys, asook v/d Goewernement se Raadgewende Arbeidsraad.

En destemeer die vrymoedigheid en noodsaaklikheid om deur U, dergelyke Skemas en tentatiewe voorstelle in te dien, met die nodige respekte vir U private tyd.

"Na rype ervaring as onderwyser, nie alleen in die klaskamer nie; daartoe getuig die ontstaan van die Potchefstroomse Handels Hoërskool wat ek, by wyse van Voortsettingsklasse, begin het met 'n kleine aantal verwaarloosde leerling-studente, so lank gelede as 1925, en daarna, as praktiese boer, tenspyte van rond-en alom kritiek van bevooroordeelde medeboere, steeds daadwerklik opgetree het ter betere verstandhouding, opheffing en voorligting van die plaasnaturel, durf ek vandag, na al die jare van vrugtelose oponthoud en onbeslistheid van die kant van die Hoofkantoor, Afdeling Naturelleonderwys, en

en viral kantoor:- Hoofinspekteur Naturelleonderwys, met beskeie beslistheid hier konstateer dat my ondervinding dienaangaande is:- "It's flirting with the issue up there, and down here the horse is dying while the grass grows".

Dit sal verder getuig afskrifte van net 'n paar jongste gevalle en wat ek, vir u informasie, hierby insluit en waardeur by gebrek aan geleentheid en viral die onlangse siekte van Mnr. Brink, L.U.K., ek anders 'n baie sterke aanklag teen die Departement sou wou indien by die Uitvoerende Komitee e.d.m.

En as u viral let op die jongste korrespondensie aan Dr. Eiselen sal u verstaan waarom ek vrees dat u van sy kant nie die gunstige kommentaar oor my Skema sal kry nie, ofskoon hy dit eers so besonder aangeprys het, dog ek later met hom moes bots, deur sy gebrek aan die van hom verlangde durf as Hoofamptenaar en ervaring en regte perspektief.

Daarom sou ek nou des te grager 'n persoonlike, lange onderhoud eers met U en daarna saam met U met Mnr. Brink, L. U. K. wou hê .

EN HOE GEWELDIG sal dit op prys gestel word, as ons die eer en voorreg te beurt val om U persoonlik, enige skooldag nog voor die end van die maand, hier kan ontmoet vir eerstehandse informasie en -besigtiging. ('n Vroegtydige telegram sal my beter instaat stel daar ek, by afwesigheid van Voormanne na die front, dikwels, tydelik op ander plase moet gaan waarneem, terwyl trein fasiliteite so is dat ek U die môre hier op Vermont kan gaan ontmoet(3myl) en U weer dieselfde aand kan vertrek en, as dit teveel geverg is van U kosbare tyd vir 'n deeglike rus in die varse plaaslug, kan ek U in die namiddag inneem na Lydenburg(25 myl) waar 'n onderhoud met Mnr. Goodman, onse plaaslike L.P.R. en die Magistraat, in sy hoedanigheid as plaaslike Naturelle Kommissaris, ook baie deur hulle gewaardeer sal word.

Met Hoogagting die Uwe,

H.J. Swart

(H.J.Swart.)

Ref. 34757.

**K O P I E.**

Transvaalse Onderwysdepartement,
Posbus:- 564, Pretoria, 3 Oktober 1944.

Mnr. H.J.Swart,

Skaapkraal, P.K.Vermont.

Geagte Mnr. Swart,

Insake: Leer-en-Werk skema vir naturelle plaasskole.

"Na aanleiding van u brief van 21 September in verband met bogenoemde saak, moet ek u meedeel dat die departementele brief van 8 Sept. 1944, waarba u refereer, gedeeltelik op 'n misverstand berus, want dit is hoegenaamd nie dieplan van die Departement om die proefnemings wat op etlike plase gedoen is om die skool opleiding op plase by die plaasomstandighede te laat aanpas, te staak nie.

Wat wel 'n feit is, is dat die Direkteur nie genoeë neem met die skem wat deur Mnr. Muller, in samewerking met u, opgestel was nie.

Op 5 Junie 1944 het die Direkteur van Onderwys 'n skrywe van die Sekretaris van Naturellesake ontvang, waarin hy gevra is om hom uit te spreek ten opsigte van die plaasskool skema deur u voorgelê . Ek neem aan dat Naturellesake hierin op u versoek gehandel het.

Nadat die Direkteur toe die betrokke stukke vir insae laat kom het, en ek verder toeligting verskaf het, het die Direkteur hom in beginsel ten gunste van die algemene strekking van die skema verklaar, maar aan my opgedra om die skema in sekere opsigte te wysig en later weer vir insae aan hom voor te lê . Hy het verder aangedui dat wysigings van die volgende aard noodsaakilik is:-

(a) die regulasies moet meer eenvoudig wees.

(b) die belang van skoolkind moet meer op die voorgrond gestel word.

Die brief van 8 Sept. 1944 moes dus gelui het dat die Direkteur va Onderwys die "Leer-en-Werkskool" in sy huidige vorm nie goedkeur nie en dat hierdie skema derhalwe moes word, maar dat geen verdere stappe in die saak sou gedoen word nie in afwagting van gewysigde voorstelle.

Dit spyt my dat deur 'n misverstand sommer stompweg gesê is dat die Departement bogemelde saak nou oorboord sou gooi. Dit is sekerlik nie die geval.

Intussen het die N.G.Kerk baie interessante en belowende voorstelle gedoen ten opsigte van die daarstelling van plaasskole vir naturelle, en hierdie voorstelle sal in aanmerking geneem word by die opstel van die gewysigde skema.

Sodra 'n tentatiewe skema opgestel is sal dit ook aan u vir insae gestuur word.

Hooagtend die Uwe,

W.Eiselen, Hoofinspekteur.

Ref. 34757.

Sckaapkraal, P. K. Vermont,

19 Oktober 1944.

Dr. W. EISELEN,
HOOFINSPEKTEUR:
NATURELLEONDERWYS,
Posbus:- 564, Pretoria.

I/s:- Leer en Werkskool skema Nat. plaasskole.

Geagte Dr. Eiselen,

Met u skrywe van 3 deser het u probeer toelig die sogenoemde misverstand en, daar ek nie voornemens is enige verdere korrespondensie hieroor te doen nie, moet ek u egter wys op teenstrydighede in u brief, puntsgewyse, as volg:-

(1). Ek het lank voor, en sonder die hulp van Mnr. Muller die skema opgetrek. Daarna het Mnr. Muller, nadat hy nadere besonderhede persoonlik by my kom kry het, probeer regulasies vir so'n "Leer en Werkskool" optrek. En van die geringe aantal regulasies blykbaar van hom deur my ontvang via die kantoor van die destydse Inspekteur was sommige egter so gebrekkig onpraktíes, dat ek dae daarmee gesit het om dit so te verwerk en uitbrei en motiveer, sodat dit kon beantwoord aan die doel en tewens voorsiening maak teen moontlike uitbuiting en ander stuikelblokke wat Mnr. Muller bang was kon geskied. En dan moet die regulasies ook so duidelik opgestel wees om die eintlike skema nog verder te verduidelik en ook duidelik genoeg wees vir die gewone naturelle onderwyser en selfs ietwat minder geletterde, dog gewillige, simpatiek boer, om van die gewone naturelle ouer nie eers te praat nie, terwyl dit so noodsaaklik is dat, met so'n nuwe skema, elke "party" goed sal verstaan wat beoog word.

(2) Nou kom die Direkteur, wat blykbaar ook nog nie al te goed op hoogte van die besonderhede van dieskema is nie en die moontlike moeilikhede nie goed genoeg besef nie, met die kritiek dat "die regulasies meer eenvoudig moet wees". En waarom, toe die Hoofinspekteur my sy instemming met die oorspronklike besonderhede van die skema, persoonlik kom meedeel het en vrindelik versoek het om tog daarmee aan te gaan, waarom kon hy nie eerder dit onder die aandag van die Direkteur gebring het en waarom moes Naturellesake dit nou so laat as Junie 1944 eers doen? En verder wil die Direkteur dat die "belang van die kind meer op die voorgrond gestel word" terwyl die skema en regulasies juis so gestel is dat dit viral die beswil van die naturelle kind beoog as toekomstige -plakker, -landbouer, -industriële werker. Moes daar dan nog eenvoudiger en onnodiger/

motivering gedoen gewees het net maar om meer beskuldigings en vooroordeel van negrofilisme viral van die kant van die boer uit te lok? Dit is mos glad nie taktvol in hierdie tyd van geharwar nie.

(3) En as die brief van 8 Sepetember gelui het soos u sê dit moes wees, dan wonder ek nog of aan my meegedeel sou gewees het in watter vorm die Direkteur die skema nou juis sal wil hê en watter voorstelle gewysig moes word en of dit ook nie weer 'n stompe, burokratiese mededelinkie sou gewees het nie, terwyl dit gehoop word dat die samewerking van die een of ander Kerkgenootskap wel verkry sou word vir die opstel van die gewenste skema. Dit is al 'n baie ernstige aanklag teen die Departement dat oorgehoeg ge-eksperimenteer is selfs in "blanke" skole, waarvan meer dan een hot en haar geslinger geword het net maar deur die so vaak ondervonde outokratiese stokperdjie metode van meer dan een inspekteur. Daarteenoor moes die boer maar met sy plaasarbeid die wrange vrugte pluk van die gewone boekekennis kompleks tipe skooltjies wat die Sendelinge stig, terwille van geestelike bearbeiding, maar waarvoor die Departement nie 'n behoorlike, praktiese plaasskool stelsel het nie. En dit is die resultaat van hierdie soort "met bokke-onder-die-arm heen-en-weer-stap skooltjies wat die antipatie van baie boere versterk het.

(4) En eindelik:- Na al die getuienisse en informasie wat daar deesdae voor die dag gekom het, met die oorgewilligheid van die Sentrale Regering om elke Provinsie nou by te staan met die nodige finansies en die baie representasies reeds gedoen, behoort daar nie meer van 'n tentatiewe skema gepraat word nie en die Departement kan gerus nota daarvan hou dat dit juis die praktiese, bekwame, intelligente boer is wat die minste tyd het vir "skippermand korrespondensie", die beste sukses maak van sy boerdery en dus die minste nodig het om die Departement by te staan om in die kalklig te kan kom vir die een of ander gesalieerde betrekking.

(5) En "after all" is daar blykbaar nog glad nie die danige ondersoek ingestel nie, want die Direkteur skyn kort gelede eers maar kennis te geneem het van die voorgestelde skema. En is u antwoord nou ook vir en namens die Transvaalse Onderwysdepartement? Hooagtend die Uwe,

..............

Schaapkraal, P. K. Verment,

4 Oktober 1944.

MNR. J. G O O D M A N, L.P.R.,

L Y D E N B U R G.

Geagte Mnr. Goodman,

Met verwysing na, en ter bevestiging van ons onderhuod van gister, ten uwent, re die deur my opgestelde memorandum, moet ek hiermee skriftelik antwoord op u vraag:-"WELKE REDES HAD EK OM AAN TE NEEM DAT DIE DEPARTEMENT DIE BETROKKE "LEER EN WERK" SKOOL SKEMA GOEDGEKEUR HET"? En ek antwoord gevolgelik kortelik as volg:-

(1) Na ontvangs van die voorgestelde skema wat ek opgetrek het op versoek van Dr. W. Eiselen in sy hoedanigheid as Hoofinspekteur, Naturelle Onderwys, het laasgenoemde beampte, in selfde hoedanigheid, my op my plaas spesiaal kom besoek om my mee te deel en te bedank dat die skema sy besondere goedkeuring en ondersteuning wegdra en het die destydse superintendent en myself gevra om dadelik die skema in werking te stel en ons onder die indruk agtergelaat dat hy verder sou sorg vir verdere formele goedkeuring daarvan.

(2) Spoedig verneem ons toe ook dat die registrasie van hierdie skool toegestaan is, ofskoon baie ander, veel ouere naturelle skole lankal gewag het op registrasie, maar omdat hierdie skool nou die nuwe skema gaan toepas.

(3) Van die kant van die Departement, nog minder van die plaaslike Inspekteurs was daar die minste indikasie dat dit hier nog maar was die gewone, eerste eksperimentele uittoets van 'n grondidee nie, behalwe dat die regte modus operandi en verlangde regulasies daarvoor algaande sou kristaliseer.

(4) So is ook die Skool Werkroosters van tyd tot tyd goedgekeur.

(5) Tydens 'n besoek aan die skool deur die toe pas aangestelde beampte:- Organ. van Industriële werk, Naturelle skole, T.O.D. is aan my deur hom en aan die betrokke onderwysers meegedeel dat die naturelle plaasskole wat hierdie nuwe skema volg, nou onder direkte toesig sal staan van die genoemde amptenaar, wat ook die dag my verdere samewerking, as boer, en oud-onderwyser gevra het vir die plaaslike suksesvolle uitvoer van die nuwe skema, met die oog op invoer vir ander naturelle plaasske

(6) En per skrywe ook spoedig daarna van sy kantoor ontvang deel hy my mee "DAT HIERDIE SAAK(NUWE SKEMA) IS VIR MY SO BELANGRIK DAT EK AAN NIEMAND DIE KANS WIL GEE OM DIE SKEMA TE LAAT VERONGELUK NIE....... DAAR EK VAN PLAN IS OM DIE SKEMA DEUR DIE HELE TRANSVAAL UIT TE VOER."

(7) En hy begin ook somar dadelik om regulasies op te stelmet die deur hom van my gevraagde samewerking en spoedig stuur die laaste, plaaslike Inspekteur my ook 'n afskrif van die regulasies per begeleidende brief met bo-aan:- I/s:-GOEDGEKEURDE SKEMA VIR BOERPLASE.

En sonder om nou in verdere besonderhede te gaan, sal bostaande seker voldoende beantwoording wees van die vraag soos in eerste paragraaf van hierdie skrywe.

Met agting die Uwe,

..........

5th March, 1945.

Mnr. H.J. Swart,
Schaapkraal,
P.K. Vermont,
Dist. Lydenburg. Tvl.

Geagte Mnr. Swart,

Voor my het ek u briewe van die 8ste ll. en die 5de deser, geadresseer aan die Sekretaris van hierdie Instituut, asook vroeer briewe en memoranda aan my geadresseer, en ek voel dat ek hierdie brief moet begin met 'n opregte verontskuldiging vir my versuim om u verskillende briewe en memoranda behoorlik te behandel. Ek bied nou graag hierdie verontskculdiging ann, en ek hoop dat u dit sal aanneem.

Laat my asb. toe om uit te le hoe dit gekom het dat ek versuim het om die dokumente te behandel soos hulle verdien het. U eerste memorandum het in 1942 aangekom, toe ek midde in die verkiesing vir 'n Senator vir die Naturelle van die Transvaal en die Vrystaat gestaan het - toe ek tussen Augustus en November 1942 4,000 myl per motor moes reis. My vrou en ek het gehoop om u te besoek, en om u voorstelle persoonlik met u te bespreek. Ongelukkig het die oorlogsomstandighede en die swaar aanvraag om my dienste veroorsaak dat ons die reis uitgestel het. Daarna, toe u verlede jaar geskryf het, het my vrou (wat 'n ervare opvoedkundige was) aan u geskryf om die ontvangs van 'n later brief en memorandum te ontvang, en om te se dat sy later vollediger sou skryf. Sy en ek het in verband met ons werk op reis gegaan na Natal en Kaapstad. Na terugkoms het ons daadlik na Suid-Rhodesie en Betsjoeanaland-Protektoraat gegaan, in verband met ons werk. Ongelukkig het my vrou op daardie reis as gevolg van 'n bosluisbeet tifus opgeloop, en het op 25. April gesterf. Daarna was ek vir meer as drie maande te siek om te werk. Sedert my terugkeer na my werk het ek al die agterstallige moet inhaal, en u dokumente was onder my oorlede vrou se papiere, wat ek nou probeer om na my vermoe te behandel.

Verskoon asb. hierdie lang uitleg. Ek hoop dat u sal verstaan dat die oponthoud in die behandeling van u papiere nie te wyte is aan gebrek aan waardering van

- u -

u opregte en volgehoue pogings om 'n moeilike aspek van Naturelleonderwys aan te pak.

Dit is vir my moeilik om 'n mening oor u plan uit te spreek sonder dat ek dit in werking gesien het, en sonder dat ek dit met die Hoofinspekteur van Naturelleonderwys bespreek het. Ek is Voorsitter van die Transvaalse Raadgewende Bestuur insake Naturelleonderwys, en as sulks stel ek besonder veel belang in alle proefnemings in verband met Naturelleonderwys. Ek het voorgeneem om die eerste geleentheid waar te neem om u plan met die Hoofinspekteur te bespreek. Ek hoop dat ek dit vroeg in Maart sal doen, en in elke geval wanneer die Bestuur in Maart vergader.

Ek is ook lid van die Goewerment se Raadgewende Arbeidraad, en op elke vergadering word die moeilikhede in verband met Plaasarbeid bespreek. Die verteenwoordigers van die Landbou stem nou saam dat dit nie langer moontlik is om op streng wetgewing te vertrou om die Naturelle en Gekleurde werkers op die plase te hou nie, en dat die tyd tans aangekom het om die arbeids - en lewenstoestande op die plas te verbeter. Tewens besef ek dat die arbeiders meer bekwaam gemaak moet word, en dat verbeterde toestande beter werk behoort mee te bring. Ek weet ook dat die arbeiders verlang dat hulle kinders opgevoed moet word, en dat opvoeding beter arbeiders behoort voort te bring. Indien u plan gehelp kan word om hierdie dinge voort te bring moet dit van groot waarde vir die land wees.

Ek sal u later weer skryf.

Mnr. H.J. Swart,
Schaapkraal,
P.K. Vermont,
Dist. Lydenburg, TVL.

Geagte Mnr. Swart,

Voor my het ek u briewe van die 8ste ll. en die 5de deser, geadresseer aan die Sekretaris van hierdie Instituut, asook vroeër briewe en memoranda aan my geadresseer, en ek voel dat ek hierdie brief moet begin met 'n opregte verontskuldiging vir my versuim om u verskillende briewe en memoranda behoorlik te behandel. Ek bied nou graag hierdie verontskculdiging aan, en ek hoop dat u dit sal aanneem.

Laat my asb. toe om uit te lê hoe dit gekom het dat ek versuim het om die dokumente te behandel soos hulle verdien het. U eerste memorandum het in 1942 aangekom, toe ek midde in die verkiesing vir 'n Senator vir die Naturelle (1) (Afrikane?) van die Transvaal en die Vrystaat gestaan het - toe ek tussen Augustus en November 1942 4,000 myl per motor moes reis. My vrou en ek het gehoop om u te besoek, en om u voorstelle persoonlik met u te bespreek. Ongelukkig het die oorlogsomstandighede en die swaar aanvraag om my dienste veroorsaak dat ons die reis uitgestel het. Daarna, toe u verlede jaar geskryf het, het my vrou (wat 'n ervare opvoedkundige was) aan u geskryf om ~~'n later brief en memorandum~~ die ontvangs van 'n later brief en memorandum te ontvang, en om te sê dat sy later vollediger sou skryf. Sy en ek het in verband met ons werk op reis gegaan na Natal en Kaapstad. Na terugkoms het ons daadlik na Suid-Rhodesië en Betsjoeanaland-Protektoraat gegaan, in verband met ons werk. Ongelukkig het my vrou op daardie reis as gevolg van 'n bosluisbeet tifus opgeloop, en het op 25. April gesterf. Daarna was ek vir meer as drie maande te siek om te werk. Sedert my terugkeer na my werk het ek al die agterstallige moet inhaal, en u dokumente was onder my oorlede vrou se papiere, wat ek nou probeer om na my vermoë te behandel.

Verskoon asb. hierdie lang uitleg. Ek hoop dat u sal verstaan dat die oponthoud in die behandeling van u papiere nie te wyte is aan gebrek aan waardering van u opregte en volgehoue pogings om 'n moeilike aspek van Naturelleonderwys aan te pak.

Dit is vir my moeilik om 'n mening oor u plan uit te spreek sonder dat ek dit in werking gesien het, en sonder dat ek dit met die Hoofinspekteur van Naturelleonderwys bespreek het. Ek is Voorsitter van die Transvaalse Raadgewende Bestuur insake Naturelle-onderwys, en as sulks stel ek besonder veel belang in alle proefnemings in verband met Naturelleonderwys. Ek het voorgeneem om die eerste geleentheid waar te neem om u plan met die Hoofinspekteur te bespreek. Ek hoop dat ek dit vroeg in Maart sal doen, en in elke geval wanneer die Bestuur in Maart vergader.

Ek is ook lid van die Goewerment se Raadgewende Arbeidraad, en op elke vergadering word die moeilikhede in verband met Plaasarbeid bespreek. Die verteenwoordigers van die Landbou stem nou saam dat dit nie langer moontlik is om op streng wetgewing te vertrou om die Naturelle en Gekleurde werkers op die plase te hou nie, en dat die tyd tans aangekom het om die arbeids- en lewenstoestande op die plase te verbeter. Tewens besef ek dat die arbeiders meer bekwaam gemaak moet word, en dat verbeterde toestande beter werk behoort mee te bring. Ek weet ook dat die arbeiders verlang dat hulle kinders opgevoed moet word, en dat opvoeding beter arbeiders behoort voort te bring. Indien u plan gehelp kan word om hierdie dinge voort te bring moet dit van groot waarde vir die land wees.

Ek sal u later weer skryf.

(1) I am not sure how "African" is normally translated
(2) See note on English version

TO BE TRANSLATED INTO AFRIKAANS

*per kind favour Miss Hartman*

Mr. H.J. Swart,
Schaapkraal,
P.K. Vermont,
Dist. Lydenburg. Tvl.

Dear Mr. Swart,

I have before me your letter of the 6th ultimo and 5th instant addressed to the Secretary of this Institute, also earlier letters and memoranda addressed to me, and I feel that I must begin this letter with a sincere apology for my failure to deal adequately with your various letters and memoranda, and I now offer this apology, which I hope you will accept.

Please also allow me to explain how it happened that I failed to deal with your papers as they deserved. Your first memorandum arrived in 1942 when I was in the midst of the election of a Senator for the Africans of the Transvaal and Orange Free State - when I had to travel 4000 miles by motor car between August and November 1942. My wife and I had hoped to visit you to discuss your ideas with you personally. Unfortunately, war conditions and heavy demands on my services made us postpone our journey. Then last year, when you wrote, my wife (who was an experienced educationist) wrote to you to acknowledge a further letter and memorandum and to say that she hoped to write to you later. She went on a journey to Natal and I to Cape Town in connection with our work. On our return we went at once to Southern Rhodesia and Bechuanaland Protectorate, also in connection with our work. Unfortunately on that journey my wife contracted typhus through a tick-bite and died on April 25. Thereafter I was too ill to work for over three months. Since my return to work I have had to overcome arrears of work, and your papers were amongst my late wife's papers, which I am trying to deal with as I am able. Please excuse this long explanation. I hope you will understand that the delay in dealing with your papers has not been ~~was~~ due to lack of appreciation of your sincere and persistent efforts to tackle a difficult aspect of Native Education.

I find it difficult to express any opinion on your scheme without seeing it in actual operation and without discussing it with the Chief Inspector of Native Education. I am Chairman of the Transvaal Advisory Board for Native Education, and, as such, am keenly interested in all experiments in Native Education. I propose to take the first opportunity to discuss your scheme with the Chief Inspector. I shall hope to do this early in March, at any rate when the Board meets in March.

I am also a member of the Government's Advisory Council of Labour, and at every meeting the difficulties in connection with Farm Labour come up for discussion. The representatives of Agriculture now agree that it is no longer possible to rely on strong legislation to keep the Native or Coloured workers on the farms, and that the time has come for improving working and living conditions on the farms. At the same time I know that the workers must be made more efficient and that improved conditions should mean better work. I know too that the workers want their children educated and that education should make better workers. If your scheme can be helped to do these things it must be of great value to the country.

I will write to you later.

*Is this correct, or is "can help" meant? I have translated it as it stands.*

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

***PUBLISHER:***
*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.